

Alle nasies en Babel



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 9:18 tot 11:9, Lukas 10:1, Mattheus 1:1-17, Lukas 1:26-33, Psalm 139:7-12, asook Genesis 1:28 en hfst. 9:1.

Geheeteks: “Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die Here die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die Here hulle oor die hele aarde verstrooi” (*Genesis 11:9, OAB*).

Na die sondvloed verskuif die fokus van Genesis, van ’n enkele individu (Noag) na sy drie seuns: Sem, Gam en Jafet. Met die kollig op Gam, die vader van die Kanaäniete (*Gen. 10:6, 15*), word die leser bekend gestel aan “Kanaän,” die Beloofde Land (*Gen. 12:5*); in afwagting op Abraham wat tot seën van alle nasies sou wees (*Gen. 12:3*).

Hierdie positiewe, opwaartse neiging word egter verbreek met die toring van Babel (*Gen. 11:1-9*). Weereens word God se planne vir die mens ontwig. Wat veronderstel was om ’n seën te wees, die hergeboorte van ’n godvresende mensdom, lei opnuut tot ’n vervloeking. Die nasies verenig in ’n poging om God se plek in te neem. Die Here antwoord met sy oordele, en in die verwarring wat daarop volg word die mensdom oor die aarde heen verstrooi (*Gen. 11:8*). Hulle “vul [dus] die aarde” (*Gen. 9:1, OAB*) soos God dit aanvanklik beskik het.

Uiteindelik transformeer God, ten spyte van die mens se boosheid, die kwaad in die goeie – soos altyd het Hy die finale uitspraak oor hemel en aarde. Die vervloeking van Gam in sy pa se tent (*Gen. 9:21, 22*) asook van die verwarde nasies by die toring van Babel (*Gen. 11:9*), word op die ou end in ’n seën tot voordeel van die nasies omskep.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 30 April.*

Gam word vervloek

Lees Genesis 9:18-27. Wat is die boodskap wat hierdie eienaardige verhaal probeer tuisbring?

Noag se optrede in die wingerd weerspieël Adam s'n in die tuin van Eden. Dieselfde fyn draad loop deur dié twee verhale: die eet van die [verbode] vrugte wat tot naaktheid lei, gevolg deur 'n bedekking van daardie naaktheid, en dan eers 'n vloek en daarna 'n seëning wat uitgespreek word. Noag keer dus terug na sy Adamitiese herkoms en begaan dieselfde tragiese flater.

Die gissing van vrugte was nie deel van God se oorspronklike skepping nie. Noag het homself dit veroorloof. Skielik was hy sy inhibisies kwyt en trek toe sy klere uit. Die feit dat Gam sy naaktheid “gesien” het sinspeel op Eva, wat ook die verbode boom “[ge]sien” het (*Gen. 3:6*). Hierdie ooreenkoms impliseer dat Gam nie toevallig sy pa se naaktheid “raakgesien” het nie. Hy het dit met andere bespreek, sonder om sy pa uit die verleentheid te help. Daarenteen het sy broers onmiddellik ingespring deur hul pa te bedek. Gam het hom egter net so kaal gelos. Hierdie kontras tussen hom en sy broers is 'n stille veroordeling van Gam se dade.

Die groot kwessie hier is die feit dat 'n mens jou ouers behoort te respekteer. Om jou ouers te respekteer, is om jou verlede te respekteer, wat uiteindelik 'n uitwerking op jou toekoms sal hê (*Ex. 20:12, vgl. Ef. 6:2*). Vandaar die vloek wat op Gam gerus het, wat 'n uitwerking op sy en sy seun, Kanaän, se toekoms sou hê.

Dit is natuurlik teologiese-gesproke 'n reuse fout, en eties-gesproke 'n misdaad, om hierdie skrifgedeelte vir rassitiese teorieë in te span. Hierdie profesie gaan uitsluitlik oor 'n enkele persoon Kanaän, Gam se seun. Die skrywer van Genesis dink hier ook aan bepaalde wanpraktyke van die destydse Kanaäniete, en nie aan ras nie (*Gen. 19:5-7, 31-35*).

Wat meer is, die vloek wat uitgespreek is bevat 'n belofte, en sinspeel op die naam “Kanaän” wat afgelei is uit die werkwoord *kana* (wat “tem” of “onderwerp” beteken). Dit was deur die onderwerping van Kanaän dat God se volk, die afstammeling van Sem, die beloofde land sou ingaan en die weg vir die komende Messias sou baan, wat sodoende Jafet “in die tente van Sem” sou verruim (*Gen. 9:27*). Hierdie is 'n profetiese verwysing na die verruiming van God se verbond met al die nasies, 'n insluiting van alle nie-Jode wat Israel se verlossingsboodskap aan die wêreld sou aanneem (*Dan. 9:27, Jes. 66:18-20, Rom. 11:25*). Die vloek wat oor Gam uitgespreek is sou dus, in werklikheid, die nasies van die wêreld tot seën wees; en sluit ook enige afstammeling van Gam en Kanaän wat bereid was om God se aangebode verlossing te aanvaar, in.

Noag, die “held” van die vloedverhaal, is gekoring! – kan dit wees? Wat leer 'n mens hieruit oor die feit dat ons almal maar swakhede het en derhalwe elke oomblik behoefte aan God se genade het?

Die geslagsregister in Genesis

Die kronologiese gegewens oor Noag se ouderdom laat ’n mens besef dat hy ’n brug tussen twee samelewings was – dié een voor, en dan die een na die vloed. Die laaste twee verse van die voorafgaande verhaal (*Gen. 9:28, 29*) neem ons terug na die laaste persoon wat ’n skakel met Adam se nasate was (*Gen. 5:32*). Neem in ag dat Adam oorlede is toe Lameg (*Noag se pa*) 56 jaar oud was. Noag het dus bes moontlik met die familieverhale oor Adam grootgeword, wat hy dan aan sy nasate voor en na die sondvloed kon oordra.

Lees Genesis 10. Wat is die doel van hierdie geslagsregister in die Bybel? (Lees ook Luk. 3:23-38.)

Geslagsregisters het drie funksies in die Bybel. Eerstens beklemtoon dit die historiese aard van bybelgebeure wat met regte mense te doen het, mense wat gelewe en gesterf het, en wie se lewensjare noukeurig geboekstaaf is. Tweedens demonstreef dit ’n onafgebroke boekstaving vanaf die voorgeskiedenis tot by die tydvak van die skrywer, wat sodoende ’n klinkklare skakel tussen die verlede en die verteller se hede vorm. Derdens herinner dit die leser aan die swakheid van die mens en die tragiese uitwerking wat die sondevloek op Adam en Eva gehad het, asook die dodelike uitwerking wat dit sedertdien op hul nakomelinge gehad het en steeds het.

Let daarop dat die onderskeid wat tussen “Sem se geslag,” “Gam se geslag” en “Jafet se geslag” getref word, nie duidelike kriteria het nie. Die 70 nasies wys wel vooruit op die 70 lede van die huis van Jakob (*Gen. 46:27*) en ook op die 70 oudstes tydens Israel se woestynomswerving (*Eks. 24:9*). Die idee van ’n verband tussen die 70 nasies in Genesis 10, en die 70 oudstes van die Israeliete, sinspeel op Israel se sending aan die wêreld: “Toe die Allerhoogste aan die nasies ’n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel” (*Deut. 32:8, NKJV*). Insgelyks stuur Jesus 70 dissipels uit om die nasies te evangeliseer (Luk. 10:1).

Daar word ’n direkte skakel tussen Adam en die patriarge van ouds getoon. Dit help ’n mens ook om te verstaan dat die patriarge direkte toegang tot die getuiens van die voorgeskiedenis gehad het, persone wat eerstehandse kennis van hierdie ouwêreldse gebeure gehad het.

Lees Matteus 1:1-17. Wat leer ’n mens hieruit oor die geskiedkundige korrektheid van al dié bybelfigure? Waarom is dit so belangrik vir ons geloofsleuens om te weet en te glo dat al hierdie persone werklik bestaan het?

Een taal

Lees Genesis 11:1-4. Waarom was “die hele wêreld” so gretig om eenheid te verwesenlik?

Die sinsnede “die hele wêreld” verwys eintlik na ’n klein groepie mense, dié wat vloed oorleef het. Die rede waarom hulle bymekaargekom het blyk duidelik uit die Skrif: hulle wou ’n toring bou wat tot aan die hemel reik (*Gen. 11:4*). Om die waarheid te sê, hul ware doel was om die Skepper God se plek in te neem. Let veral op die beskrywing van die mense se bewegredes en manier van optree – dit is ’n soort spieëlbeeld van God se bewegredes en manier van optree tydens die skepping: “Toe sê hulle” (*Gen. 11:3 en 4, DB & NAB; vgl. Gen. 1:6, 9, 14, e.s.m.*); “kom ons bou” (*Gen. 11:3 en 4, NAB; vgl. Gen. 1:26*). Die Bybel noem ook pertinent hul bewegrede: “en maak so vir ons ’n naam” (*Gen. 11:4, NAB*), ’n uitdrukking wat uitsluitlik vir die Here gebruik word (*Jes. 63:12 en 14*).

Kortom, die bouers die toring van Babel het ’n misplaasde ambisie gehad, dat hulle die Skepper God se plek kon inneem. (Ons weet natuurlik wie se voorstel dit was. Lees *Jes. 14:14*.) Die nagedagtenis aan die vloed was waarskynlik een van die redes waarom dié projek geloods is: hulle bou ’n hoë toring om die volgende vloed te oorleef, indien een wel sou kom, en dit ten spyte van die belofte wat God hulle gegee het. Die nagedagtenis aan die vloed het ook neerslag in die Babiloniese tradisie gevind, maar weliswaar in ’n verdraaide vorm, waar dit met die bou van die stad Babel (oftewel Babilon) te doen het. Hierdie poging, wat in die Bybel opgeteken is – om hemelwaarts te bou om die woonplek van God te probeer bereik, en sodoende sy wil omver te werp – is inderdaad tekenend van die gees van Babilon.

Dit is waarom die verhaal van die toring van Babel ook so ’n belangrike grondvoorstel in die boek Daniël is. Die verwysing na Sinear, waarmee dié verhaal ingelei word (*Gen. 11:2*), maak weer sy verskyning aan die begin van Daniël, ten einde aan te dui waarheen Nebukadnesar die heilige voorwerpe wat uit die tempel in Jerusalem verwyder is, geneem het (*Dan. 1:2*). Benewens al die ander skrifgedeeltes wat hierdie godlonende gees weerspieël, is die beste een seker dié oor Nebukadnesar wat die goue beeld oprig, bes moontlik in dieselfde “dal” as die een waarin die toring opgerig is. In Daniël se visioene oor die eindtyd, herhaal dieselfde scenario sigself, waarin die wêreldnasies saamkom om teen God saam te span (*hfst. 2:43 en 11:43-45; vgl. Op. 16:15, 16*), hoewel dié poging uiteindelik sal faal, net soos dit die geval met Babel was.

Volgens ’n beroemde sekulêre Franse skrywer is dit die mensdom se groot doel “om soos God” te probeer wees. Waarom val die mensdom reeds sedert Eva (*Gen. 3:5*) herhaaldelik vir dié gevaarlike leuen?

“Kom laat Ons afgaan”

Lees Genesis 11:5-7 en Psalm 139:6-11. Waarom het God hier afgekom aarde toe? Watter gebeurtenis het die Allerhoogste tot hierdie besluit gebring?

Ironies genoeg was God besig om af te kom na ons, terwyl die mens hemelwaarts probeer bou het. God wat neerdaal na die mens is ’n bevestiging van sy Opperheerskappy. Hy sal altyd bokant ons bereik wees. Enige menslike pogings om die bestaansvlak van God te bereik en van aangesig tot aangesig met Hom te kom, is nutteloos en belaglik. Dit is ongetwyfeld die rede hoekom Jesus, ten einde die mensdom te red, neergedaal het na die mens. Daar was inderdaad geen ander manier wat Hy ons kon red nie.

Die grootste ironie in die verhaal oor die toring van Babel blyk uit God se woorde: “Die Here het afgekom om te kyk na die stad en die toring” (*Gen. 11:5, NAB*). God het natuurlik nie nodig gehad om af te kom om te sien wat op aarde aangaan nie (*Ps. 139:7-12, vgl. Ps. 2:4*). Nietemin het Hy dit gedoen. Hierdie idee dat God “afkom aarde toe” beklemtoon sy betrokkenheid by die mens.

Lees Lukas 1:26-33. Wat leer ’n mens hieruit aangaande God wat afkom na die mens?

Die feit dat God neerdaal herinner ’n mens ook aan die beginsel van regverdigmaking deur geloof, asook hoe God se genade werk. Ongeag die werk wat ons vir die Here doen moet Hy steeds afkom na die mens. Dit is nie wat ons vir die Here doen wat ons na Hom en na verlossing bring nie. Inteendeel, dit is God wat ons van omhoog nader wat vir ons redding bring. Genesis 11 praat, om die waarheid te sê, twee maal van God wat afkom van bo. Dit impliseer dat Hy waarskynlik bekommerd oor die mens se doen en late op aarde was.

Volgens dié skrifgedeelte wou die Here hul diepgewortelde solidariteit tot ’n einde bring, ’n eenheid wat – gegewe hul gevalle toestand – net tot nog meer boosheid sou lei. Dit is waarom die Here toe besluit het om hul taal te verwar, wat sodoende hul ooreengekome plan in die wiele sou ry.

“Van al die toringbouers by Babel se slim planne het daar net mooi niks gekom nie, behalwe verleentheid en rampspoed. Die monument waarmee hulle naam wou maak het uiteindelik ’n gedenkteken ter ere van dwaasheid geword. Tog loop die mens voortdurend dieselfde paadjie as die bouers by Babel, naamlik om op hulself staat te maak, en om God en sy gebod te verwerp. Dit is dieselfde beginsel wat Satan in die hemel probeer volg het, en dieselfde een wat Kain op ’n bloedlose offer laat besluit het” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 123).

Hoe is die toring van Babel die soveelste voorbeeld van menslike selfverheffing; en hoe dit, uiteindelik, altyd faal? Watter persoonlike lesse kan die gelowige hieruit leer?

Verlossing uit die verstrooiing

Lees Genesis 11:8 en 9, asook hfst. 9:1; vgl. hfst. 1:28. **Waarom is die verstrooiing wat God bring reddend?**

God seën die mensdom en beskik dit so dat die mense van ouds sal “vermeerder” en “die aarde sal vul” (*Gen. 9:1, OAB, woordorde aangepas; vgl. Gen. 1:28, OAB*). Die bouers van Babel het egter God se planne teëgegaan, deur saam te staan ten einde ’n eenvormige mensdom te probeer skep. Let op een van die redes wat hulle vir die bou van die stad aanvoer: “Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie” (*Gen. 11:4, NAB*). Hulle het dus geweier om van Sinear af weg te trek, moontlik met die idee dat hulle tesame sterker sou wees, wat volgens hulle deur verdeling en verstrooiing nie moontlik sou wees nie. In ’n sekere sin was hulle ook reg.

Ongelukkig het hulle hul eendragtige mag vir die kwaad ingespan, en nie vir die goeie nie. Hulle wou vir hulself “’n naam maak,” waarmee hulle hul verwaandheid en trots op ’n kragtige wyse te kenne gegee het. Dit is inderdaad so: elke keer dat die mens openlik in opstand teen God kom en “’n naam” vir hulself probeer maak, loop dit altyd op ’n ramp uit. Dit het nog nooit gewerk nie.

So bring God dan sy oordele oor diegene wat Hom so openlik uitdaag, en verstrooi hulle “oor die hele aarde” heen (*Gen. 11:9*), net mooi wat hulle nie wou hê moes gebeur nie.

Interessant genoeg beteken die naam Babel “die poort van God” en hou verband met die werkwoord *balal*, wat “verwar” beteken (*Gen. 11:9*). Dit is juis omdat hulle die poort wou bereik het wat na God lei, omdat hulle hulself as God beskou het, dat hulle in verwarring beland en heelwat minder mag as voorheen gehad het.

“Die mense van Babel het hulle voorgeneem om ’n regering op die been te bring, een wat onafhanklik van God moes wees. In hul geledere was egter godvresende persone, mense wat ongelukkig deur die slinkse redenasies van die goddelose mislei is en wat gevolglik by hul slim plannetjies betrek is. Dit is ter wille van dié getroue gelowiges dat die Here sy oordele uitgestel het. So laat Hy dan toe dat diegene met bose bedoelings eers hul kleure wys. Intussen het God se getroue kinders hard gewerk om die mense tot beter insigte te bring; maar die goddelose was so verenig in hul hemel-uittartende onderneming dat hulle nie wou besgee nie. Hulle sou die jonge mensdom in die afgrond laat beland het, as God nie ingegryp het nie. Hul solidariteit was gebou op rebellie. Dit was ’n koninkryk gemik op selfverheffing, maar een waarin God nóg regeer nóg vereer is” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 123.

Waarom moet ons so versigtig daarteen waak om “’n naam vir onself te wil maak?”

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White se “The Tower of Babel” in *Patriarchs and Prophets*, ble. 117-124.

“Hulle besluit toe om ’n stad te bou, en daarbinne ’n duiselingwekkende hoë toring... Hierdie projekte het ten doel gehad om te keer dat die mensdom oor die wêreld heen verstrooi word en aparte kolonies vorm. God het egter die mens beveel om verspreid op die aarde te woon, om daaroor te heers en dit vrugbaar te maak. Tog was die bouers van Babel vasbeslote om die mensdom in ’n enkele gemeenskap verenig te hou, om ’n monargie op die been te bring wat uiteindelik die hele aarde in beslag sou neem. Die idee was dus dat Babel die hoofstad van ’n wêreldwye ryk moes word. Die majesteit van daardie stad sou deur die hele wêreld besing word, die ganse mensdom sou daaraan hulde bring; ’n stad wat roem aan die stigters sou bring. Die manjifieke toring, wat tot aan die hemele gerek het, was veronderstel om ’n huldeblyk aan die mag en wysheid van die bouers te wees, wie se name aanhoudend, van geslag na geslag, hoog aangeslaan moes word.

“Die mense wat in die Sinear-dal gewoon het, het nie in God se verbond geglo nie. Dat daar nooit weer ’n wêreldwye vloed op aarde sou wees nie, het hulle nie geglo nie. Baie van hulle het in die bestaan van God getwyfel en het die sondvloed aan natuurlike oorsake toegeskryf. Andere het wel in ’n Opperwese geglo en dat Hy inderdaad die wêreld wat voor die vloed bestaan het, vernietig het. Tog het hulle hul harte verhard, en net soos Kain, teen Hom gerebelleer. Een van die doelstellings wat die mense van Sinear met die bou van die toring gehad het, was om die mensdom in die geval van nog ’n wêreldwye vloed te beveilig. Deur die struktuur heelwat hoër as die vloedwatermerk te bou, het hulle gehoop om hulself veiliger as veilig te hou. Aangesien die toring hulle tot by die wolke sou neem, sou hulle hopelik ook kon vasstel wat die oorsaak van die vloed was. Die hele bou-onderneming was bedoel om die trotse verwaandheid van die argitekte te bevorder en om beide die argitekte en bouers op te hemel, om sodoende toekomstige geslagte van God af weg te trek na afgodery” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 118 en 119.

Vrae vir bespreking:

- 1** Watter voorbeelde uit die geskiedenis, of selfs in die hede, het ons mee te doen ten opsigte van al die probleme wat spruit uit die mens se pogings om “naam te maak?”
- 2** Hoe kan ons, as ’n kerkgenootskap, waak teen die gevare van “torings van Babel” bou (selfs al is dit net onbewustelik)? Op watter maniere bou ons sulke torings, hetsy bewustelik of onbewustelik?